Nr./No. 86 DESEMBER/DECEMBER 1984

# Pretoriana




**TYDSKRIF** **JOURNAL**

VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

OF THE OLD PRETORIA SOCIETY

**Prys R 3,00 Price**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## INHOUDSOPGAWE


| | bladsy |
|---|---|
| Van die redakteur | 2 |
| Lys van bestuurslede van die Genootskap Oud-Pretoria op 1 Oktober 1984 | 3 |
| Pretoriana - Africana | 3 |
| Die familiebybel van President S.J.P. Kruger - *N.A. Coetzee* | 4 |
| Die gebou van die vroeëre Eureka-Sigaretfabriek in Pretoria - *Mevrou A. Hörstmann* | 9 |
| Die boek in Suid-Afrika en die firma J.L. van Schaik, 1914-1984 - *J. Ploeger* | 15 |
| Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (1), Die NZASM-brug aan die Maria van Riebeeckweg - *C. de Jong* | 28 |
| Vyftig jaar werksaamheid van Yskor, 1934-1984 - *C. de Jong* | 32 |
| 1884-1984, Na die Konvensie van Pretoria die Konvensie van Londen - *C. de Jong* | 36 |
| Herdenking van Prins Willem I van Oranje te Pretoria in 1933 - *C. de Jong* | 38 |
| John Johnston Kirkness - *N.A. Coetzee* | 40 |
| 'n Bewaringsplan vir Pretoria - *B. Cronjé* | 47 |
| Jan F.E. Celliers in besette Pretoria: Junie-Augustus 1900 - *A.G. Oberholster* | 61 |




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## VAN DIE REDAKTEUR

Hierdie uitgawe van *Pretoriana* No. 86 is geredigeer deur 'n nuwe redakteur, nadat professor F.J. du Toit Spies weens sy leeftyd en gesondheid as redakteur en bestuurslid van ons Genootskap afgetree het. Hy was baie jare lank eresekretaris en daarna in 1983 en 1984 redakteur. Wyle Dr. Willem Punt het hom in *Pretoriana* Nos. 32-33, April-Augustus 1960, p.6, welverdiende lof as eresekretaris toegeswaai. Die Genootskap is hom besonder dankbaar vir sy dienste en sy artikels in *Pretoriana.*

Die eerste artikel in *Pretoriana* No. 86 is gewy aan die familiebybel van President S.J.P. Kruger wat deur Dr. N.A. Coetzee in Pretoria opgespoor is. Die lede van die Genootskap wens hom geluk met sy opmerklike opsporing.

Tydens die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 het Britse militêre graag uit Boerehuise die huisbybel saamgeneem. Ek het selfs êrens gelees dat die Britse opperbevelhebber lord Roberts dit spesifiek verbied het. In die loop van die 20ste eeu het die familie van dié militêre in Brittanje, Kanada, Australië, Nieu Seeland en ander Britse gebiede sommige van dié Bybels na Suid-Afrika teruggestuur, somtyds deur hulle aan die plaaslike Suid-Afrikaanse ambassade af te gee. Danksy die familieregister in die huisbybel kon 'n paar families wat so 'n gerepatrieerde Bybel voor die oorlog besit het, opgespoor word. Enkele van hierdie teruggestuurde Bybels word nou in museums uitgestal. Dit is verheugend dat ook dië huisbybel van Paul Kruger se plaas Boekenhoutfontein onopvallend maar geheel volledig na Transvaal teruggekom het.

Verskeie ander bydraes in *Pretoriana* No. 86 handel oor aktuele gebeurtenisse in 1984. Die artikel van Mev. A. Hörstmann van NASKO betref die gerestoureerde vroeëre Eureka-Sigaretfabriek wat in Junie 1984 as Pierneef-museum in gebruik geneem is. 'n Artikel van Dr. J. Ploeger is gewy aan die boek in Suid-Afrika en die firma J.L. van Schaik 1914-1984. Dr. C. de Jong memoreer die sloping van die NZASM-brug aan die Maria van Riebeeckweg op 18 Julie 1984 in sy eerste bydrae in die reeks 'Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria'.

Ander bydraes herinner aan herdenkings wat in 1984 plaasgevind het, naamlik 'Vyftig jaar werksaamheid van Yskor, 1934-1984', 'Na die Konvensie van Pretoria die Konvensie van Londen, 1884-1984' en 'Herdenking van Prins Willem I van Oranje te Pretoria in 1933' in verband met die herdenking in 1984 van die Prins se sterfdag op 10 Julie 1584.

Verder het Dr. N.A. Coetzee geskryf oor 'John Johnston Kirkness', Dr. B. Cronjé oor ''n Bewaringsplan vir Pretoria' en Dr. A.G. Oberholster oor 'Jan F.E. Celliers in besette Pretoria: Junie-Augustus 1900'.

Dr. Oberholster beskryf Jan Celliers se gewaagde ontsnapping in vroueklere uit Pretoria. Hierdie waagstuk het die romanskrywer Stuart Cloete in sy roman *Rags of glory* oor die oorlog 1899-1902 geïnspireer. Hy vertel in Part 5, 'The Captains', in die hoofstuk 'A woman's clothes' hoe sy jong held Louis (Boetie) van Reenan in damesklere aan die Britse besettingsmag in Pretoria ontkom.

*C. de Jong*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## LYS VAN NAME VAN KOMITEELEDE VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA OP 1 OKTOBER 1984

| | |
|---|---|
| Dr. N.A. Coetzee | Voorsitter / Korrespondensie |
| Mnr. W.J. Punt | Vise-Voorsitter / Straatname / Waaksaamheid |
| Mev. M.L. Willmer | Sekretaresse / Skooltuine |
| Mnr. T.E. Andrews | Toerleier / Nuusbrief |
| Mev. M. Andrews | Toerorganiseerder / Finansies |
| Prof. C. de Jong | Pretoriana |
| Mev. A. Dreyer | Argief |
| Prof. H.C. Petrick | Grafte |
| Mnr. M. Emms | Funksies |
| Mev. I. Vermaak | Assistent Sekretaresse |
| Mnr. M. van Niekerk | Waaksaamheid |
| Mnr. N. Lemmer | Forte |

## PRETORIANA – AFRICANA

Aanbod van uitgawes van *Pretoriana* van vroeë en onlangse datum

Hoeveel geskiedenisboeke kan U vir R20,00 koop?
Miskien een, wat bestaan uit nog nie eens 200 bladsye nie.
Hoeveel Africana-boeke kan U vir R20,00 koop?
Waarskynlik nie eers een nie.
Hoeveel *Pretoriana's* kan U vir R20,00 koop?
Tenminste 80 uitgawes met meer as 2500 bladsye propvol met geskiedenis, foto's, belangrike data en kostelike stories.
Daar is stelle *Pretoriana's* met uitgawes vanaf die vroeë jare vyftig, by die Genootskap beskikbaar. Skryf 'n briefie aan Anton Jansen, Posbus 33704, Glenstantia 0010, Pretoria, of nog makliker, skakel sy kantoornommer 70 6456 of na kantoortyd 47 5838 om 'n stel *Pretoriana's* te bestel.
Afsonderlike nommers is ook beskikbaar VANAF R0,50 per eksemplaar.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## DIE FAMILIEBYBEL VAN PRESIDENT S.J.P. KRUGER

**deur N.A. Coetzee**

In sy boek PAUL KRUGER geskryf deur dr. D.W. Kruger, gewese professor in Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Deel I (1825-83) (Dagbreek-Boekhandel (Edms.) Bpk, Johannesburg) vind ons op bl. 35 in voetnota no. 27 die volgende:

*'Die name van al die kinders is te vind in die handskrif van Paul Kruger op die daartoe voorsiene bladsy van die familiebybel wat aan hom geskenk is op 27 Desember 1864 deur eerw. Karl Hohls van die Hermannsburg-sending. Die Bybel was laas in besit van Israel & Kie, Amsterdam'.*

Op bl. 82 in dieselfde boek vind ons die volgende voetnota no. 15:

*'Hierdie boek het 'n merkwaardige geskiedenis gehad. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is dit deur Piet Kruger, toe Veldkornet van sy wyk, aan Magato*[1] *vir veilige bewaring gegee. So is dit van vernietiging gered, want die woning en buitegeboue op Boekenhoutfontein is deur die Engelse beskadig en in 'n groot mate verwoes. Die sterk mure was gelukkig in staat om selfs kanonvuur te weerstaan. In April 1902, kort voor die vrede, het 'n Engelse patrollie die Bybel ontdek. Dit is meegeneem na Engeland waar dit in besit van lord Harmsworth gekom het. In 1949 is dit op 'n veiling van Sotheby's in Londen deur die Amsterdamse boekhandelaar Israel & Kie vir die bedrag van £155 opgekoop. In die Bybel was 'n los vel papier met die woorde: 'Lees Jeremia 29: 5' in Kruger se eie handskrif.*[2] *Self het hy ook die name van al sy kinders op die daartoe aangewese plek in die Bybel ingeskryf. Verder was binne die omslag ook briewe van sy seun Piet en 'n vraeformulier van die Gereformeerde Kerk.* (Persoonlike ondersoek van skrywer (nl. D.W. Kruger) by die antikwariaat Israel, Amsterdam). Vgl. artikel deur dr. J. Ploeger in *Historia*, Eerste Jaargang nr. 2 bl. 181-2'.

Met my navorsing oor die Du Plessis-geslag sou ek graag insae wou kry in die name van al die kinders van Paul Kruger en sy tweede vrou Gezina Susanna Frederika Wilhelmina du Plessis, om die geboortedatums soos deur die vader neergeskryf te verkry.

Navraag by al die argiewe en museums in Suid-Afrika het bevestig dat die Bybel nêrens by hulle bewaar word nie.

In 'n artikel in *Pretoriana* No. 80 ('Pretoria 125 jaar herdenkingsuitgawe') het skrywer 'n tentatiewe geslagsregister van Stephanus Johannes Paulus Kruger en Gezina Susanna Frederika Wilhelmina du Plessis saamgestel met die kinders se geboortedatums sover uit ander bronne saamgestel kon word. Die navraag by Israel en Kie, Amsterdam, het die volgende inligting verstrek:

*'In antwoord op Uw schrijven d.d. 7 juli 1980 en 22 juli 1980 delen wij U mede dat wij de door U bedoelde bijbel inderdaad gehad hebben. Deze*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*is echter ongeveer 15 jaar geleden verkocht aan een Nederlander die naar Zuid-Afrika is gegaan. Zijn naam en adres weten we echter niet'.*

Hier het die saak op 'n dooiepunt uitgeloop en geen verdere inligting is verkry nie, nieteenstaande 'n ernstige oproep in hierdie uitgawe van *Pretoriana*. Die leserskring van *Pretoriana*, die amptelike mondstuk van die Genootskap Oud-Pretoria, is egter baie klein, ongeveer 500 lede op dié stadium.

Dr. C. de Jong wat die redaksie van *Pretoriana* in 1984 oorgeneem het, het opnuut 'n beroep deur verskillende media gedoen vir inligting oor die Bybel en deur wie dit bewaar word. Die dagbladpers, radio en ander media het die oproep gedurende die laaste week van September 1984 intensief opgeneem, nadat alle bekende inligting van dr. N.A. Coetzee verkry is. Alle dank is aan die media verskuldig vir die belangstelling en ondersteuning verleen in die soektog. Dr. C. de Jong word ook bedank. Danksy hierdie veldtog is die Bybel opgespoor in Pretoria in besit van die seun van die immigrant wat dit van Israel en Kie. in Amsterdam gekoop het.

Die volgende inligting is in die Bybel te vinde.

1. In Paul Kruger se eie handskrif die name van sy kinders soos volg:

*Casper Jan Hendrik 1847 22 Dec.*
*Catharina Helena 1849 9 Dec.*
*Jan Adriaan 1851 30 Junij*
*Elsie Franciena 1853 19 Maart*
*Gezina Susanna Frederika Wilhelmina 1855 7 Junij*
*Stevanus Johannes Paulus 1856 21 November*
*Anna Maria Aletta 1859 17 Maart*
*Stevanus Johannes Paulus 1861 23 Julij*
*Douw Gerbrandt }*
*Nicolaas Jacobus } Tweeling 1862 11 Junij*
*Pieter 1864 4 October*
*Sophia Magrieta 1866 28 October*
*Alida Berendiena 1868 7 September*
*Tjaart Andries Petrus 1873 9 October*

2. *Die huisgesin van Piet Kruger gebore 4.10.1864*
*gehuud 1887 9 Januarie*
*met Cecilia Johanna Kruger gebore Eloff.*
met al die kinders in Piet Kruger se eie handskrif ingeskryf.

3. In sy eie handskrif die verklaring deur K. Hohls dat hy die Bybel aan Paul Kruger geskenk het:

*Zijn van mijn in*
*Hermansburg in Natal de 7 December 1864*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

L. C. Kruger

Lijst van mijn, en mijn huisgezint
[illegible] Kruger [illegible] der [illegible]
in het Jaar 1825 is ik gebooren
den 10 October
in mijn vrouw Gezina Susana
Fredrica [illegible]
is gebooren in het Jaar 1831 den 5 mij
in mijn Zoon Caspar Jan hendrik
is gebooren in het Jaar 1847 den 22 desember
in mijn dogter Catrina helena
is gebooren in het Jaar 1849 den 9 desember
in mijn Zoon Jan Adriaan is gebooren
is gebooren in het Jaar 1851 den 30 Junij
in mijn dogter Elizabeth Francina is gebooren
in het Jaar 1853 den 19 maart
in mijn dogter Gezina Susana Fredrica
Wilhelmina is gebooren in het Jaar 1847
den 7 Junij
in mijn Zoon Stefanus Johannes paulus
is gebooren in het Jaar 1856 den 21 maij
in mij dogter Anna Johanna maria aletta
is gebooren in het Jaar 1859 den 17 maart
in mijn Zoon Stefanus Johannus paulus
is gebooren in het Jaar 1862 den 23 Julij

in een tweeling { Daniel gerdhardt / in Niclaas Jakobus } Zijn gebooren in het Jaar 1862 den [illegible]

in mijn Zoon pieter is gebooren
in het Jaar 1864 den 4 october
in mij dogter Tereza margrieta
is gebooren in het Jaar 1866 den 28 October
in mijn dogter Aleida bernadiena
is gebooren op den 7 sewende september 186[illegible]

En [illegible] Sigaart Andries [illegible]
[illegible] gebooren In het Jaar 1869 den 9 [illegible]

## TRANSKRIPSIE VAN DIE NEWESTAANDE FOTOKOPIE VAN PAUL KRUGER SE AANTEKENING

*S J P Kruger*
*Lijs van mijn in mijn huisgezint*
*Zin auw der dommen*
*in het Jaar 1825 is ik gebooren*
*den 10 octoober*

*in mijn vrauw Geziena Zuzana*
*Vredrieka duplesies*
*is gebooren in het Jaar 1831 den 5 mij*
*in mijn Zoon Casper Jan Hendrik*
*is gebooren in het Jaar 1847 den 22 deetsember*
*in mijn dogter Catriena Helena*
*is gebooren in het Jaar 1849 den 9 deetsember*
*in mijn Zoon Jan Adriejan is gebooren*
*is gebooren in het Jaar 1851 den 30 Junij*
*in mijn dogter Elsie Vranciena is gebooren*
*in het Jaar 1853 den 19 Maart*
*in mijn dogter Geziena Zuzana Vredrieka*
*Willemiena is gebooren in het Jaar 1855*
*den 7 Junij*
*in mijn Zoon Stevanus Johannes Paulus*
*is gebooren in het Jaar 1856 den 21 november*
*in mij dogter Anna Johanna Mariia Aletta*
*is gebooren in het Jaar 1857 den 17 maart*
*in mijn Zoon Stevanus Johannes Paulus*
*is gebooren in het Jaar 1861 den 23 Julij*
*in ..... ons tweling {Dauw Gerdbrant / in Niecolaas Jakobus} Zijn geboren in het Jaar 1862 den 11 Junij*

*in mijn Zoon Pieter is gebooren*
*in het Jaar 1864 den 4 octoober*
*in mijn dogter Zoveja Margrieta*
*is gebooren in het Jaar 1866 den 28 october*
*in mijn dogter Alieda Berendiena*
*is gebooren op den 7 sevende september 1868*
*En mijn zoon Tijaart Andries Petrus*
*ben geboren En het jaar 1873 den 9 october*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*Den Weledelen Heer P. Kruger, Kommandant-Generaal der ZAR*
*woonachtig in de district van Rustenburg*
*een teeken der eerbiedigheid van*
*Uw vriend*
*K. Hohls*
*Superintendent der Hermansburger*
*Sendelingsgenootschap in Afrika*

Dit is 'n Statebybel gedruk 1686
Hendrik en Jacob Keur, Amsterdam
by Marcus Doornick & Co.
Die Bybel is versier met koperbeslag op die hoeke van die omslag. Dit het nie 'n knip nie. Die buitemate in sentimeters is 45 x 29 x 12.

4. Die volgende aantekening voorin die Bybel in Engels:

*This Bible was taken from the Hut of some kaffirs in April 1902 from Magatostadt*[1] *near Rustenburg Transvaal, South Africa, by some men of the 1st Sherwood Foresters whom I was ordered to send to the above Stadt (Kafir Village) to make prisoners certain Kafirs who had been giving information to the Boers in the District. As this Stadt is quite near Piet Kruger's farm (son of the President) it is quite evident that they either stole it from his house or that it was given into their charge for safekeeping. Various other articles including carpets, pictures etc. were also found there.*

*G.F. de Pledge*
*The Sherwood Foresters*
*Commandant Magoto Wyk*

Die Genootskap Oud-Pretoria is dankbaar dat hierdie Familiebybel van Paul Kruger opgespoor is, dit is in goeie hande en word baie mooi opgepas en gewaardeer. Die eienaar wil egter voorlopig anoniem bly vir praktiese oorwegings. Dank is aan hom verskuldig vir die insae wat skrywer in die Bybel gehad het en vir die kopie van die inligting wat in die Bybel te vinde is. Al die dokumente soos deur D.W. Kruger genoem is nog in die Bybel te sien.

1 Oktober 1984

Verwysings van C. de Jong, redakteur

1. Magato is ook die naam van 'n swart stam in Venda in Noord-Transvaal. Om verwarring met die stamhoof Magato by Rustenburg te voorkom skryf sommige daarom Magata, Magatastat en Magata'snek in Wes-Transvaal gelokaliseer.
2. Die teks van Jeremia 29 vers 5 lui: Bou huise en woon, en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE GEBOU VAN DIE VROEERE EUREKA-SIGARETFABRIEK

**deur Mev. A. Hörstmann**
**(Vakkundige beampte van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum te Pretoria)**

## Stedelike plasing van die Eureka-Sigaretfabriek

Noordoos van Kerkplein in Vermeulenstraat is die pas gerestoureerde Eureka-Sigaretfabriek tussen twee groot geboue van beton en staal geleë.

Die klein baksteenrooi geboutjie met sy wit gepleisterde pilasters en lyste staan egter sy plek vol om sodoende 'n fokuspunt vanaf die noordoostelike hoek van Kerkplein te vorm. Hopelik sal dié gebou 'n integrale deel van 'n beoogde gerestoureerde Kerkplein en omgewing kan vorm.

## Geskiedenis

Alhoewel die geskiedenis van die erf en gebou geensins opwindend is nie, vorm dit tog deel van 'n ouer Pretoria waarvan daar vandag min genoeg tasbare oorblyfsels is.

Erf 231 Vermeulenstraat se eerste eienaar was die bekende grondbesitter van Pretoria, J.H.M. Struben. Op 14 Maart 1865 verkoop hy die erf aan Pieter Waldeck. In 1883 word die erf in 'n oostelike en 'n westelike gedeelte verdeel met die erf waaroor dié artikel handel, die westelike deel. Twaalf November 1888 en die erf verwissel weer van eienaar. Dié keer is dit die kleurryke Alois Hugo Nellmapius wat die eiendom vir £1250 aanskaf. Dié Hongaar, 'n bekende nyweraar en grondbesitter in die Z.A.R., is op 6 Mei 1847 in Boedapest gebore. Vandaar verhuis hy eers na Wenen en toe na Nederland waar hy homself as siviele ingenieur bekwaam. In 1873 emigreer hy na Suid-Afrika. Hier begeef hy hom op vele terreine van die nywerheid soos die distillering van drank, die inmaak van vrugte, die vervaardiging van erdewerk en die smelting van ystererts. Hy neem deel aan die Sekhukhune-oorlog en die veldtog teen Mapog. Op sy plaas, Irene-landgoed, in die distrik van Pretoria doen hy ook veel vir die groei van landbou in Suid-Afrika. Op 28 Augustus 1893 kom hy te sterwe op sy plaas.

Die bekende Sammy Marks koop die erf vir £1175 van die boedel. Samuel Marks is in 1843 in Neustadt-Sugind, 'n provinsie van Suvalki, Litaue,gebore. In 1868 emigreer hy na Suid-Afrika en word 'n smous in Wes-Kaapland. Hy raak betrokke by vele mynbou- en nywerheidsaktiwiteite in Suid-Afrika soos die diamantdelwery in Kimberley, die goudstormloop aan die Witwatersrand, die sekondêre nywerheid in Johannesburg, die yster- en staalnywerheid in Vereeniging, die vrugteboerdery en Nellmapius se brouery. Sy plaashuis op Swartkoppies, oos van Pretoria, is tans in die proses van restourasie deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. Sy vriendskap met beide Paul Kruger en Cecil J. Rhodes het daartoe aanleiding gegee dat hy dikwels as bemiddelaar in politieke geskille moes optree.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services